# Gereformeerde Kerk Pietersburg

# Die Basuin

**05 Augustus 2018**

**Predikant:**
**ds. S.P. Venter**
**Pastorie: 015 296 1840**
**Sel: 082 809 0222**
**sarel.pventer@gmail.com**

**EREDIENSTE:**
**09:00 en 18:00**


## ***Tema 2018* – *REFORMEREND VORENTOE***

**OGGENDEREDIENS** **ds. Sarel Venter.**
**Skriflesing** Teks: Jesaja 43:2
**Tema** Fokus jou hoop op die regte plek.
Lied 190: 1, 3
Psalm 33: 1, 6
Skrifberyming 15-7: 4, 5
Psalm 130: 1, 2
Psalm 126: 1, 2
Psalm 146: 1, 8

Wat troos ons? Daar is baie sake en mense wat ons bitter teleurstel. Die Bybel laat dit so eenvoudig klink - Vertrou die Here. Israel is in ballingskap. Hulle is in 'n smeltkroes. Hulle moes die konneksiepunt tussen God en die volke wees. Toe aanbid hulle die volke se afgode. Nou maak die Here hulle skoon en red hulle. Telkemale het die Here Sy kinders uit die nood gered. Hy doen dit vandag nog met elke gelowige kind van Hom. Hy gee uitkoms. Hoop staan op die skouers van vertroue. Jesus gaan deur die helse vuur om ons skoon te maak en 'n ewige toekoms oop te maak. Vertrou Hom.

**AANDEREDIENS** **ds. Sarel Venter.**
**Skriflesing** Lees: Psalm 24. HK vraag 2, Rom. 8: 12 - 14
**Tema** Ons rus begin by die besef van hoe groot ons sonde en ellende voor God is.
Psalm 89: 1, 6, 11
Psalm 146: 2, 3
Psalm 145: 9, 10, 11

Elke belydende gelowige het 'n groot taak - daar mag niks tussen ons en God kom wat ons bewussyn van Hom wegneem nie. Ons lewensfokus moet reg wees. Sonde = alle dinge wat my liefde vir die geestelike dinge wegneem. Rom. 8: 12 - 14 stel dit ook duidelik hoedanig ons lewe moet wees. Die Gees maak die werke van die vlees dood. Sonder die pad van voortdurende heiligmaking, sal jy nie die wonder van God se teenwoordigheid beleef nie.



# DOPPERDOORFEES 24–25 Augustus 2018
# Wildsvleis-stalletjie

Ons het weer u hulp nodig om die rakke en tafels van ons Wildsbiltongstalletjie te vul!

## Watter bok kan jy skenk?

Alle wild karkasse moet voor of op 06 Augustus beskikbaar wees sodat daar genoeg tyd is om die vleis te bewerk.

## Kontant bydraes

Bydraes, in die vorm van kontant, kan ook gemaak word. Kontant bydraes moet so gou as moontlik aan br. Jan Carel Oosthuizen of sr. Rienie Oosthuizen gegee word sodat daar voldoende tyd is om voor die 6de Augustus wild te gaan jag of aan te koop.

Kontak **br. Jan Carel Oosthuizen (079 522 1992) of sr. Rienie Oosthuizen (082 676 3235)** vir verdere inligting.

Byvoorbaat baie dankie vir u hulp en ondersteuning!

# Aandag alle **katkisante**

Julle word uitgenooi na die 'Amazing race'.

Wanneer: **09 Augustus**

Waar: **Pietersburg se kerkgebou**

Hoe laat: **09h00**

Wat moet julle saambring:

Net jouself!

**Ons gaan heerlike worsbroodjies bedien; daar sal koeldrank ook wees.**

Op die kennisgewingbord is daar 'n lys waarop jy asseblief jou naam moet voltooi indien jy daar gaan wees.

**Ons hoop om julle almal daar te sien!**

- Gemeentelede word uitgenooi om saam van die potjiekos te eet.

  Elke span gaan 5 kaartjies ontvang om te verkoop @ R50 'n kaartjie. Met hierdie kaartjie mag u <u>proe</u> van elke pot, of eet van een pot.
- Ete word 12:30 bedien.
- <u>BELANGRIK</u>: Elke persoon moet asseblief hulle eie eetgerei saambring.
- <u>Die potjiekosspan-organiseerders se besonderhede sal op die kennisgewingbord wees (deur die organiseerders self voltooi).</u> U is dus welkom om hulle te nader vir etekaartjies.
  Indien ons meer gaste as kos gaan hê sal ons reël vir ekstra potjies.

## <u>Ander aktiwiteite</u>



- **Dapper Dopper: 10:00**
  - GTA (Gr 5 tot G12)
  - Hoe braaf is jy?
  - Hierdie gaan groot pret wees! **<u>Skryf asseblief julle name op die lys.</u>**

- **Boeresport: 10:00**
  - Vir die jongspan (Voorskool – Gr4)
  - Ons benodig hulp met die organisering van die jongspan tydens die boeresport.
  - **Sameroeper: Francois Pretorius (074 145 8923)**



- **Kreatiewe speelhoekie vir die kinders: 08:00 (Heeldag)**
  - Ons benodig die hulp van mammas, pappas of ouer sussies en boeties om te help toesig hou.

- **Skyfskiet: 08:00**
  - **<u>Kan u ons help met pryse vir die skyfskietwenners?</u>**



- **Die Wafelhuis: 08:00**
  - 'n Baie spesiale teetuin wat heerlike koffie, tee, cappuchino, koek en tert bedien.
  - **Sameroepers: Rietha Carstens (072 453 9747) en Heila Lessing (083 626 0185)**

